KLEIN PHISANTEKRAAL PREPRIMÊR

# NUUSBRIEF

Kwartaal 1, 2026




## ‘n Mamma het eenkeer gesê “Klein Phisantekraal is ’n klein skooltjie met ‘n groot hart”.

Dit is nie ‘n stelling nie, dit is ‘n feit. Tussen hierdie skuur se mure is baie liefde en uit die maag uit lag oomblikke. Hier word elke kind raakgesien, waardeer en ondersteun.

Hier word getroos en kan kleuters nog “skoot-sit”. Kleuters word deel van ‘n warm, omgee-gemeenskap waar hulle veilig en gelukkig kan groei.

Ek het my weer hierdie week verstom aan die kleuters se “groei” gedurende die afgelope 11 weke. My hart klop “choclates”! Die personeel is so trots op elke kleuter se vordering.

Aan die personeel: lekker rus! Mag julle iewers ‘n middagslapie inwerk, mag jou kinders in vrede speel, mag jou huis se vloere skoon bly en mag jou man/geliefde jou bederf.

*Corneli xx*

### Verjaarsdae wat kom

3 April
**Tannie Noby**

7 April
**Tannie Lena**

11 Mei
**Tannie Judy**

26 Mei
**Tannie Hemelda**

28 Mei
**Juffrou Carlinka**

14 Junie
**Juffrou Corneli**

# ALLES EN NOG WAT







## DogzCool

Oom Lloyd van DogzCool besoek ons jaarliks! Elke keer is die kleuters en personeel stom geslaan oor sy honde se toertjies en luistervaardighede.

Alhoewel dit prettig is om na die hondevertoning te kyk, leer Oom Lloyd vir ons hoe om ons diere te versorg en dat hulle soos familie is.











## Valentynsdag

**I chews you!** Valentynsdag was 'n vrolike dag vol pret en lag. Vroegoggend is daar al gedans en gespring. Oom Kurt se "hop hop spinnekop" het die plaasjapies se voete omtrent laat jeuk.
Ons het kolwyntjies versier en gesmul daaraan.

By Klein Phisantekraal "chews" ons keer op keer hierdie liewe lawwe kleuters van ons.

# DreamGuard

allergy protection & fluid barrier

MATTRESS, PILLOW AND DUVET PROTECTORS





## Problem?

**Asthma? Ongoing sneezing? Stuffy or runny nose? Skin rashes? Itchy or watery eyes? Incontinence? Need effective mattress protection?**

## Solution!

Fit **DreamGuard** – comfortable, fluid-proof and breathable bed linen that effectively prevents symptoms of mite-related allergies. Ideal as a protective barrier for mattresses in cases of adult incontinence and during children's potty training.




For enquiries phone 021 933 2109 or e-mail info@dreamguard.co.za

Place orders at www.dreamguard.co.za

MADE IN SOUTH AFRICA

## ALLERGY INFORMATION

**HOW DO MOST ALLERGIES START?**

House dust mites are microscopic insects related to spiders and ticks and are a major cause of many allergies. Millions of mites live in our households, but especially in mattresses and bedding. Here they find a warm and humid environment where they can feed off the dead skin cells of our bodies. Their excretions are considered one of the most common allergens for human beings. An unprotected pillow or mattress can contain up to 10% of its own weight as dead or living mites and their excretions after just a few years of use!

**WHO IS AT RISK?**

We are all at risk, but young children who are exposed to high concentrations of house dust mite allergens, can increase their risk of suffering from an allergy, particularly asthma, at a later stage in life. Children in families with known allergies are at higher risk.

**WHAT ARE THE TYPICAL SYMPTOMS RELATED TO MITE ALLERGIES?**

The exposure to mite allergens throughout the night can contribute to:

- Early morning asthma (increased wheezing, coughing, chest tightness)
- Allergic rhinitis (sneezing, itchy, stuffy or runny nose)
- Allergic conjunctivitis (itchy, red and watery eyes)
- Eczema (skin rash, itchiness or blistering skin reactions)

**HOW DOES DREAMGUARD HELP?**

**The Allergy Society of South Africa** and the **University of Cape Town's Lung Institute** recommend breathable mattress, pillow and duvet covers with mite-impermeable characteristics. Reducing exposure to house dust mite allergens is effectively achieved by creating a barrier.
The lightweight fabric offers full protection against allergens (mite excretions). It is also breathable and comfortable when in direct contact with the skin. The microfibre polyester fabric is hypo-allergenic and soft, making it a non-intrusive and protective layer wherever it is used.

**WHAT ARE THE OTHER PROTECTIVE BENEFITS OF DREAMGUARD?**

DreamGuard mattress covers are suitable for dermatitis sufferers and offer mattress protection against adult incontinence and during potty training. Take DreamGuard covers when travelling to use as added protection over existing bedding in rented accommodation.

# ALLES EN NOG WAT

## Atletiekdag

Op Vrydag, 13 Maart het ons weer ons jaarlikse Atletiekdag gehou by Klein Phisantekraal. Oud en jonk het deelgeneem!

Wanneer die laatmiddag aanbreek en almal by die veld bymekaarkom, kan 'n mens sommer die opgewondenheid aanvoel. Leerders, onderwysers en ouers vul die veld met vrolike gesels en aanmoediging. Die spangees is besonders sterk, veral tussen ons vier spanne – die Bokkies, Perdjies, Hasies en Skapies – wat almal hul beste gee en mekaar luidkeels ondersteun.  Een van die gewildste gedeeltes van die dag is die drie-been resies van die ouers asook die ouma- en oupa-items.  Dit sorg altyd vir groot pret en baie gelag.

Ons atletiekdag is veel meer as net sport. Dit is 'n dag vol gees, vriendskap en samehorigheid – 'n tradisie waarna almal elke jaar uitsien en 'n wonderlike begin vir die res van die jaar se skoolaktiwiteite.

'n Spesiale dankie aan ons klasverteenwoordigers wat voorgevat en vasgevat het!  Ons waardeer julle!










# ALLES EN NOG WAT

## Borge

Dankie aan die hoofborge wat almal gehelp het:
1. **Charl de Wet van Maverick Repairs** vir die borg van die medaljes.
2. **Darling Romery** vir die borg van sap en melkies. Dankie aan die Smith gesin  vir die reëlings.
3. **Dirk Bester** vir die borg van die wors.
4. **Diaan en Ilse Janse van Rensburg** vir die borg van die buns.

Baie dankie aan die volgende borge:
**Su-Anrie** vir borg en maak van die heerlike smoor
**Alex Geldenhuys se ouma** wat die servette/houers en souse geborg het
**Die Hanekom gesin** vir die borg van die hout

Die volgende gesinne/persone het ook gehelp met bydraes of donasies
Families: **Lubbe, De Lange, Lotter, Kristenssen, Oosthuizen, Palvie, Ouma Renee**.

Dankie **Surina Marais** vir al die reëlings met die koeldranke en water.

Dankie aan die braaiers:  **James, Tiaan, Kobus, Theunis, Herman, Gert, Reino en Nico**.  Julle mag maar!

**Diana Roux** wat op bystand was vir noodhulp.

Dankie aan die mammas wat help uitvang het.

Dankie aan elke ouer wat gehelp het met die verkope.

Dankie aan die ouers wat hulle gazebos geleen het vir ons.

‘n Spesiale dankie aan ons klasverteenwoordigers wat voorgevat en vasgevat het! Ons waardeer julle!



## DISCOVER YOUR
# SUPERPOWER

An exciting Kingdom adventure for parents and children






Step right up, young adventurers (and curious grownups)! Discover Your SUPERPOWER is your colourful ticket into a world of light, wonder, and God-given identity. Packed with playful illustrations by Erna van der Merwe, this journey through the Romans 12 grace gifts will help every child shout,

"This is who God made me to be!"
Get ready...
Hold on tight...
Your adventure into identity begins... now!

## About The Book

Every child carriesaGod-givenidentity... every gift a purpose... every heart a calling.

The body of Christ is excitingly diverse and so are our gifts. The Gifts or "Superpowers" that we address in this introductory book (book 1 of a series of 8) refer to the Romans 12 grace gifts that focus on who you are, and how you consistently serve in the body of Christ i.e. your character-based service.

## This Book Is Designed For

Theaudience ofthisbookisdoublelayeredtoencourage a sharedfamily experience:

- Parents & Caregivers - The text is written for adults to read and understand and then communicate to young children.



- Toddlers & Young children - The imagery and visual storytelling through colorful illustrations and engaging characters are created to capture the attention of children.

A book for growing hearts and guiding hands—helping families explore calling, purpose, and God's wonderful design together

## About Author - Nadia Fourie

NadiaFourie is the founderand creative heartbehind Shaped forPurpose, a spacedevoted to helping adultsand children discover who they were created to be.

Every resource she creates, whether a book, a guide, a workshop, or future offerings yet to come, is anchored in one central truth: **We are shaped on purpose, for purpose, by the One who knows us best** .





**ORDER YOUR COPY**:
**Shaped for Purpose**
www.shapedforpurpose.co
**Audience of One Media**
www.audienceofonemedia.co.za/nadia-fourie
@shapedforpurpose
@shapedforpurpose1

**SCAN TO ORDER**

**SHAPED FOR PURPOSE**
WhereintimacywithGodshapes identity, purpose, and transformation

# Gelukkige Verjaarsdag



Tannie Juanita

24 Februarie



Juffrou Enalène

01 Maart

## Diemersdal Uitstappie

Woensdag, 4 Maart het die maats Diemersdal besoek vir ons jaarlikse druiwepluk- en trap uitstappie.

Die kleuters was vol afwagting en gereed om druiwe te knip en te trap, terwyl die oorvol piekniekmandjies vir groot opgewondenheid gesorg het. Maats en ouers het ook die geleentheid gehad om 'n insiggewende toer deur die kelder te geniet en selfs 'n vinnige loer in die koelkamer te kry.
Dit was werklik 'n besondere ervaring en 'n voorreg om deel daarvan te wees.

Baie dankie aan Diemersdal Wynplaas, die Louw gesin en Juandre Malan wat hierdie uitstappie moontlik maak.

















# ALLES EN NOG WAT

## Kaas en "Wyn"

Die kleuters het pragtig aangetrek vir die spoggeleentheid. Vrolike musiek het vroegoggend buite gespeel en sommige se voete het dadelik gejeuk! Hulle het heerlik gesmul aan kaas, worsies, koekies en skyfies.
Dit was 'n onvergeetlike dag vir almal.
























BELOVED Photography

Professionele foto's van Klein Phisantekraal Preprimêr se funksies en geleenthede word geneem deur Tiana Smith van Beloved Photography.


Engineered Plastics & Linings
SOUTH AFRICA
Your Specialist Geosynthetic Contractor
CIVIL ENGINEERING SOLUTIONS FOR THE FOLLOWING
Reservoir Liner Systems
Landfill Barrier Systems
Wastewater Liner Systems
Mining Liquid Storage
Hazardous Containment
Concrete Protection Liners
CONTACT US AT :
+27(0)21 002 8566
Jonandi@eplsa.co.za
Info@eplsa.co.za
www.eplsa.co.za
CONTACT US TODAY!

# ALLES EN NOG WAT

## Speel-speel leer benadering

Hierdie benadering is ongelooflik belangrik, veral vir kleuters omdat dit die natuurlikste manier is waarop hulle die wêreld ontdek en verstaan. Speel is nie net pret nie - dit **IS** leer.

Hoekom is dit so waardevol?
- Dit bou breinontwikkeling
- Sosiale vaardighede word ontwikkel
- Dit help met taalontwikkeling
- Dit stimuleer kreatiwiteit en verbeelding
- Dit bou selfvertroue
- Dit maak leer lekker, want skool moet nog lekker wees!

Dit is vir ons belangrik by Klein Phisantekraal om leer lekker te maak en 'n stewige fondasie skep vir die toekoms.
















# ASSISSTENTE
## Kwartaal 2




Tannie Nita - Bytjieklas




Tannie Lena - Skapieklas




Tannie Hemelda - Eendjieklas




Tannie Noby - Plaasmuisklas

ADVERTENSIEBLAD



Help vir Hoppie-Haas
om sy paaseiers te vind



Educational Insights®

© 2015 Educational Insights
www.educationalinsights.com

# BELANGRIKE DATUMS

## APRIL

**08** **Skole open**
**Visie sifting (Gr. R)**

**09** **Paasete**

**21** Gehoorsiftings
(Gr. R)

**23** **Ons boekrak verjaar!**

**29** Akwarium besoek
(poppekas)

***27 April en 1 Mei:** *Skool en Nasorg gesluit**

## MEI

**08** ***Moedersdag***

**13** **Hemelvaart**
**Skool gesluit. Nasorg oop.**

**14** EduFunZA instappie
(DIe hospitaal)

## Junie

**03** Vans Views
instappie.
(Die Bosveld)

**11** **Markdag 2**

**19** ***Vadersdag***

**26** **Skole sluit**

***Kunsveiling se datum sal bevestig word.***

***15 en 16 Junie:** Skool en Nasorg gesluit*